**Instructions**:

Antwoord die sinne in die ontkennende vorm *(Answer the sentences in the negative form).*

a) Ons gaan winkel toe.
   Ons gaan nie winkel toe nie.
b) Die seun slaap **altyd** laat.
   Die seun slaap nooit laat nie.
c) Is daar **iets** om te doen?
   Nee, daar is niks om te doen nie.
d) Mnr. Kolisi is 'n sokkerspeler.
   Mnr. Kolisi is nie 'n sokkerspeler nie.
e) Sit stil!
   Moenie stil sit nie!
f) Ken jy **iemand** wat mooi kan sing?
   Nee, ek ken niemand wat mooi kan sing nie.
g) Ek hou daarvan om hokkie te speel.
   Ek hou nie daarvan om hokkie te speel nie.
h) Het jy **al ooit** 'n krokodil gesien?
   Nee, ek het nog nooit 'n krokodil gesien nie.
i) Maak die venster toe!
   Moenie die venster toemaak nie!
j) Ek gee vir Bheki sy toebroodjies.
   Ek gee nie vir Bheki sy toebroodjies nie.
k) Ek hou baie van Afrikaans.
   Ek hou nie baie van Afrikaans nie.
l) Is **almal** by die huis?
   Nee, niemand is by die huis nie.
m) Het jy **nog** baie huiswerk?
   Nee, ek het nie meer baie husiwerk nie.